Ons dagprogram

So met die speel-speel, leer ons met al ons sintuie!

7:00 – 8:00 8:00 – 8:15 OPRUIM	<u>Aankoms by klas</u> Dit is vir die kleuter en juffrou baie belangrik dat mamma en pappa my tot in my klas bring. Groet vinnig en gaan, veral aan die begin van die jaar met aanpassing. Moet die groet nie te lank uitrek nie, dit gaan die afskeid net vererger. • Enige probleme, • versoeke en • medikasie word gou bespreek en aangeteken. <u>Vryspel (binne)</u> Hierdie deel van die program beteken dat die kleuters binne die klas aan 'n verskeidenheid aktiwiteite kan deelneem onder toesig van die onderwyseres. Hierdie aktiwiteite sluit onder andere in: fantasiespel, blokke, legkaarte, konstruksie-apparaat, ens.
8:15 – 8:40	<u>Gewyde opening, teenwoordigheid en omgewingsopvoeding</u> • Personeel kry die geleentheid om elkeen van die kleuters individueel op sy/ haar naam aan te spreek en so kontak te maak. • Die gewyde opening sluit enkele gebede in, asook die sing van gewyde liedere en 'n kort boodskap uit die Bybel. • Personeel kontroleer die teenwoordigheidsregister wie almal teenwoordig is en ons kyk na die dag se weer. • Nuuskring word ook gehou, waar die kleuter die geleentheid kry om ietsie van sy leefwêreld te deel met ander.
8:40 – 9:40	<u>Eerste Kring</u> Hier kry ons te doen met ons • temabesprekings, • versies, • uitstappies, • sang- en musiekaktiwiteite, • beweging, • persepsie, • wetenskap, ens. Elke week se leerinhoud sentreer om 'n tema waarvan die inhoud op 'n bord en soms op die tafel uitgestal word. U as ouer kan gerus artikels oor die tema van die week, van die huis af stuur en op die tematafel uit pak. <u>Kuns / skeppende aktiwiteite</u> Die doel van hierdie aktiwiteite is om aan die kleuters sekere vaardigheidstegnieke te leer, sodat hy / sy met die materiaal tot sy beskikking, die tegniek kan bemeester. Dit is baie belangrik om elke prentjie wat huis toe kom, te bewonder en te waardeer!! Maak asseblief 'n ophef daarvan en staan 'n spesiale plekkie op die yskas of teen 'n muur af waar die prente uitgestal kan word. Musiek en pottebakkery word ook by die skool tydens die dagprogram aangebied.
9:40 – 10:00	<u>Vryspel (binne / buite)</u>
10:00 tot 10:30	<u>Toiletroetine</u> Is 'n belangrike deel van die program waar die kleuters geleer word om selfstandig die toilet te gebruik en sindelikheid word bevorder.

	<u>Verversingstyd</u> Verversingstyd vind aan tafel plaas. ’n Rustige atmosfeer word geskep terwyl die kleuter eet. Tafelmaniere word bevorder.
10:30 – 11:00	<u>Tweede kring</u>
11:00 – 11:45	<u>Buitespel</u> Hierdie deel van die program beteken dat die kleuters buite aan ’n verskeidenheid aktiwiteite kan deelneem onder toesig van die onderwyseresse. Hierdie aktiwiteite sluit in: • klim en klouter, • fietsiebaan, • modder, • sandput, • fantasie, • waterspel, ens.
11:45 – 12:00	<u>Opruim</u> Elkeen moet leer om verantwoordelikheid te kan aanvaar vir sy speelgoed waarmee hy gespeel het, en om dit weg te pak. <u>Toiletroetine</u>
12:00 – 12:30	<u>Storietyd / Luistervaardigheid</u> Storietyd is ’n baie belangrike deel van die dag. Nie net omdat kleuters baie lief vir stories is nie, maar die onskatbare waarde van taalontwikkeling en emosionele ontlading, sowel as die onwikkeling van luistervaardighede word aangeleer en ouditiewe geheue word uitgebrei. <u>Rustyd en verdaag</u>
12:45 – 13:15	Naskool-maats geniet middagete
13:15 – 17:00	<u>Middagprogram</u> Rustyd, middagverversings, buitespel, stories en opvoedkundige speelgoed.